Hoe om ’n boksie met die Voortrekkerkode in, te maak

Graad 3 tot 7

Laat jou span hierdie boksie maak vir hulle kamer en hulle kan elke dag ’n kode aanleer.

Onderwerp: Voortrekkerkode

Stappe

1. Druk die boksie-templaat op karton vir elke spanlid uit. Groter kinders kan self die templaat aftrek op karton. Boksie-templaat is op bladsy 3.
2. Druk die buite kante (bladsy 1 aangeheg) van die boksie op gewone papier.
3. Vou jou boksie op elke lyn voordat jy die buitekant begin plak.
4. Druk kaartjies om binne in die boksie te sit op karton/gewone papier uit. Elke kode word met ’n prentjie geassosieer.
5. Gesels met jou span oor die Voortrekkerkode terwyl julle die aktiwiteit doen.

Wenke

1. Gebruik stewige karton vir die boksie. Karton wat gebruik word vir scrapbooking, werk goed.
2. Ouer jeuglede kan uitgedaag word om voorwerpe te soek en in die boksie te bêre wat by die spesifieke kode pas.
3. Vir die jonger outjies kan hierdie aktiwiteit oor twee of meer spanbyeenkomste gedoen word.
4. Aangeheg ook ’n illustrasie van Andries Visagie wat op die Voortrekkers se *facebook*-blad geplaas is. Dankie Andries!

Waarskuwings

1 Gewone karton veroorsaak dat die boksie nie stewig is nie.

2 Dit kan ’n uitdaging wees om die buitekant van die boksie reg te plak.

3 Dit kan moelik wees vir jonger jeuglede om die boksie korrek te sny en te plak. Verleen hulp waar nodig of kry ’n ouer of heemraadslid om te help.